KLEINMOND BELASTINGBETALERSVERENIGING – KBBV

JAARVERSLAG 2011

1 INLEIDING

Dit was vir ons almal 'n hartseer dag toe ons vorige burgemeester, Mnr Theo Beyleveldt, oorlede is. Ons as Kleinmond gemeenskap is baie dank aan hom verskuldig vir al sy bydraes om vir ons 'n omgewing, waarop ons altyd trots kan wees, te help skep. Ons eer ook sy nagedagtenis en ons bede gaan uit na sy eggenote, Marianne, asook sy hele gesin.

Verder wil ons ook Mev Nicolette Botha-Guthrie met haar herverkiesing as Burgemeester van die Overstrand Munisipaliteit gelukwens. Ons wil haar ook weereens van ons ondersteuning verseker terwyl sy steeds haar talle doelstellinge, soos onder andere om die armoede kwessie aan te spreek, die daarstelling van goeie regering, puik dienslewering, 'n goeie infrastruktuur, en die belangrikste van al die doelstellings, om te sorg vir die instelling van bekostigbare tariewe vir almal. [Sien die Gazette, 'n gratis plaaslike koerant, van 1 Oktober 2011 p 3].

Raadslede Appelgrein en Krige word uiteraard ook baie geluk wens met hulle verkiesing as raadslede vir wyke 9 en 1 onderskeidelik.

Die KBBV wil advokaat Werner Zybrands ook van harte bedank vir sy aanhoudende toewyding om die inwoners van die OM te dien. Ons wil dan van die geleentheid gebruik maak om hom 'n gelukkige en rustige aftrede, goeie gesondheid en baie plesier, toe te wens.

2 WISSELWERKING : PERSONEEL EN BELASTINGBETALERS.

Die KBBV spreek sy spyt uit deur dat reaksie en/of kontak met die OM, vanaf die Burgemeester, Senior bestuurder tot en met Operasionele bestuurders, in meeste van die gevalle op 'n uiterste laagte punt is. Ons moes keer op keer oor en oor navraag doen om enige reaksie om ons navrae en briewe te bekom. In meeste van die gevalle het ons nooit eers 'n erkenning van ontvangs van ons briefwisseling ontvang nie.

Die genoemde gebrek aan die nodige kontak is ook 'n aangeleentheid wat baie belastingbetalers erg frustreer. Die verdere gebrek aan ope professionele kommunikasie en interaksie soos met die debakel rakende die verdere elektrisiteit deposito's ondervind was, toon 'n duidelik disrespek wat die amptenary teenoor die intelligensie van die belastingbetalers van OM openbaar.

Die KBBV bestuur het met die Burgemeester vergader om die aangeleentheid aan te spreek en daar is op 'n kommunikasie prosedure ooreengekom, maar dit **het geen vrug gedra nie**. Hierdie algehele gebrek aan kontak en/of kommunikasie vanaf die Burgemeester tot by plaaslike bestuursvlak, skep die indruk dat die KBBV [asook ander Belastingbetalersvereniging in die OM gebied] met opset geïgnoreer word.

Ons besondere dank gaan egter uit aan Raadslid Appelgrein vir sy harde werk om die KBBV en ook ons inwoners, onbaatsugtig te ondersteun. Ons bedank hom vir sy spoedige en konstruktiewe opvolging van navrae en versoeke. Dit word waardeer.

3 KOSTE STYGINGS

Ons aanvaar dat die Munisipaliteit op vele terreine moet investeer om ons gemeenskappe te diens. Ons aanvaar ook dat dit binne 'n omgewing, waar kostes voortdurend styg; moet geskied.

Die KBBV het die OM egter telkemale in die verlede daarop gewys dat daar, veral in die Kleinmond area, 'n verarmingsproses aan die gang is. Die Burgemeester het dit ook by verskeie

geleenthede herken. Die Gazette van 11 November 2011, haal haar juiste woorde as volg aan: “I also have a vision that all this will be possible while council’s tariffs remain affordable for all”.

Die KBBV het egter nog geensins die gevoel gekry dat daar enige simpatie met die belastingbetaler openbaar word nie. Dit is ons oorwoë mening dat, veral die top struktuur, nie net onnodig swaar gelaai is nie, maar ook 'n oormatige groot las op uitgawes plaas. Voeg hierby ook die gebruik van uitkontraktering van vele funksies sonder dat personeelkoste dienooreenkomstig aangepas word. Ons is nie bewus van enige navorsing wat na die werklike finansiële vermoëns van die dorp se belastingbetalers gedoen is nie..

Verder is daar ook sprake van aansienlike toekomstige verhogings vir Raadslede. Die KBBV is van mening dat die punt bereik is waar ons nou oorbelas word en waar ons van die OM verwag om alle uitgawes, insluitend salarisse en bonusse, uiters streng te beheer..

4 PUBLIEKE DEELNAME

Ons moet ongelukkig rapporteer dat dit voorkom asof die meeste van ons inwoners nie belangstel om enigsins in die werksaamhede van die KBBV betrokke te raak nie. Ope vergaderings, Wyksvergaderings asook die van die KBBV word selde bygewoon en wanneer dit wel geskied, is dit gewoonlik net om hulle misnoeë met seker publieke aksies en besluite te lig.

Daar het ook ‘n gemeenskaplike gevoel van ignorering van voorkeure by die meeste van die 12 Belastingbetalersverenigings (BBV’s) ontstaan. Die gevoel is dat Wykskomitees nie altyd na die belange van die OM belastingbetalers omsien nie. Tans kommunikeer die 12 OM-BBV’s gereeld oor sake van gemeenskaplike belang. Alhoewel daar nie altyd eenstemmigheid is nie, neem ons minstens van mekaar se standpunte kennis.

5 DIENSTE

Die KBBV is erg bekommerd oor die voorsiening van vars water oor die lang termyn asook die agteruitgang wat in die verspreidingsnetwerkstelsel bespeur en ondervind word. Die Munisipaliteit is deeglik bewus van die verhoogde eise van die Stad van Kaapstad, die ewige stygende besoedelingsvlakke in die Palmietrivier en die enorme prysstygings van chemikalieë.

Die Hermanus, Hawston en Arabella eise is ook besig om toe te neem. Hierdie eise sal mettertyd die ondergrondse water toevoer affekteer, 'n bron wat in die toekoms vir Kleinmond ontgin sal moet word.

Al die ontwikkelings sal mettertyd tot prysstygings aanleiding gee. Gerugte doen al reeds die rondtes dat die heffing op water eersdaags verhoog mag word. Kleinmond is geensins bereid om die ontwikkeling van ander areas se water behoeftes te subsidieer nie.

Daar word reeds groot bedrae as elektrisiteit heffings ingevorder. Hierdie fondse word geoormerk vir die diens, instandhouding en uitbreiding van ons verspreidingsnetwerkstelsels. Die KBBV is egter daarteen gekant dat die addisionele fondse vir ander doeleindes aangewend kan word.

6 VERKEERSIMPAKSTUDIE

'n Uitgebreide verkeersimpakstudie is onderneem en ‘n tegniese verslag met beide kort en langtermyn aksies is opgestel. Mnr Jan-Willem van Staden sal ‘n kort oorsig lewer.

Die KBBV het die inisiatief geneem om die studie te lei wat die moontlike effek, wat die verkeersvloei via die R44 sou meebring wanneer die nuwe tolpadstelsel operasioneel word, uit te wys. 'n Tegniese verslag van die studie is op die ons webtuiste te sien.

Die aanbevelings, gebaseer op die bevindinge van die studie, is nou deel van die Streeks Ontwikkelings Plan [SOP] en moet deurgaans deur die OM oorweeg , geïmplementeer word en jaarliks aangepas of gewysig word.

7 AKSIES IN BEPLANNING

7.1 Die Kleinmond Polisie is tans besig om 'n Buurtwagstelsel op die been te bring. Dit sal nie 'n sogenaamde “patrolliestelsel” wees nie, maar sal op die oë en ore van elkeen in die gemeenskap aangewese wees. Ons moet ten minste op die welstand van ons bure en mede inwoners ingestel wees en op die wyse na mekaar se welstand en veiligheid omsien.

7.2 Ons kan almal dankbaar wees dat ons nie 'n **Bergie** is nie, tog is dit vir ons 'n groot kommer dat die Bergieprobleem al groter word sonder dat wetstoepassing geskied om die probleem enigsins aan te spreek. Dit kan alleenlik suksesvol beheer word met die samewerking en ondersteuning van die eienaar en huurders van die Ou-Spargebou.

'n Interkerklike sopkombuis voorsien daagliks sop aan baie behoeftiges. Daar word egter ‘n dringende beroep op almal gedoen om **geen fooitjies aan die Bergies** te gee nie. Maak eerder ‘n bydrae tot die sopkombuis.

7.3 Ons is almal goed op die OMAF komitee verteenwoordig en sal die beplanning van die jaarlikse begroting met valkoë dophou.

8 KOMITEE EN PORTEFEULJES

Besonder dank is verskuldig aan al die KBBV komiteelede vir hul onbaatsugtige bydraes en deelname. Die 2011 komitee was as volg:

Dr Gawie Eksteen	Voorsitter
Mnr Jan-Willem van Staden	Onder-voorsitter
Mnr Jannie Viljoen	Sekretaris/Tesourier
Mnr Johan Barnard	Oorlaaistasie
Mnr Aldert Drenth	Hawe Ontwikkeling
Mev Santie Hamman	Gesondheid en Welsyn
Mnr Japie Conradie	Polisieforum/Bergies
Mnr Johan de Clerk	OM Begroting en finansies
Mev Susan Swanepoel	Wyk 10-verteenwoordiger
Mnr John Watson	Ledesake en kommunikasie

Die gereelde bywoning en deelname van Mnre Tienie Geldenhuys, Arend Adriaanse en Tommy Snibbe word met dank erken.

9 TEN SLOTTE

Ons wens die nuwe komitee baie vreugde toe vir die komende jaar. Aan al ons nuwe lede sê ons by voorbaat hartlike welkom.

Mag u almal ‘n geseënde Kersfees geniet en ‘n vreugdevolle 2012 ondervind.

GJ EKSTEEN

VOOSITTER

November 2011